

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Geloof van ons of Christus in ons?

Skriflesing: Galasiërs 2:15-21

Broodjies vir die pad

So lank

Klouter deur die heining, Ma,
gooi af die karos
los maar die grashalms waaraan ons vashou –
die stories van nou'e dag
en nog 'n bietjie dit.

Fruik die hanslammers
waai vir die kinders in die dam
kies die kortpad – verby die uilebos
om met die bult deur die plaat proteas –
vlieg hoër as Amper Bo.

Dis oukei as die koffie koud word
die brood verbrand
krane drup en verf afdop
rose ongesnoei blom.

Daar's 'n nuwe plaas daar anderkant
doer waar die son rus,
waar die maan dou
en die uile roep
en die dans van die reën wag.

Stap die see in, swem diepkant toe
verby ons horison
nie bang wees nie
nie terugdeins nie –
kies die brekergolwe.

Daar's 'n nuwe strand daar anderkant
'n goeie uitkykplek
met oorgenoeg dryfhout en stroke hardloopsand
en vreemde skulpiesoekgoed.

Pak torings gladde klippe
maak 'n groot vuur, solank.
Lag oopmond sing voluit
spring uit Ma se vel uit
en voel hoe die wêreld
wegwieg na die groter omhelsing.

Roela Hattingh

<http://www.litnet.co.za/gedig-so-lank/>

Google se fragmente nie gelyk aan insig

Wilhelm Jordaan

In sy heerlike stuitige liedjie “Lente in die Boland” lê Koos Kombuis onbedoeld 'n verband tussen twee intellektuele vaardighede (om te leer lees en skryf) wat nou weer in die kollig kom met die skokbevindings oor leerlinge wat nie verstaan wat hulle lees nie.

Dit blyk 41% van laerskoolleerlinge op die platteland wat in Engels skoolgaan, lees teen 'n spoed van minder as 40 woorde per minuut.

Dit beteken teen die tyd dat hulle aan die einde van 'n langerige sin kom, het hulle al vergeet waaroor die sin gaan. Die negatiewe invloed daarvan op betekenisvorming en begrip spreek vanself.

Ander navorsing toon hoe gebrekkige leesvermoëns tot gebrekkige skryfvermoë oorgedra word. En dié probleem word aangeskuif na die hoërskool en van daar na die universiteit waar baie studente (selfs op nagraadse vlak) se leesbegrip en skryfvermoë verbysterend swak is.

Dit is inderdaad 'n geval van 'n toenemende “geletterde onbevoegdheid” op universiteit wat niks goeds voorspel vir afgestudeerdes se nutswaarde in die werkwêreld nie.

Studente se taalbegrip is dikwels te swak om 'n gestelde vraag of probleem wat op insig gerig is, te snap.

Hul werkende akademiese woordeskat is so beperk dat hulle sukkel om iets te begryp wat anders klink as waarmee hulle in 'n studiegids of handboek bekend geraak het en kon memoriseer.

Hulle raak dan Google-besete en versamel brokkies inligting wat “verwerk” word tot 'n losse opeenstapeling van stellings waartussen daar geen duidelike verband gelê is nie, en vaagweg op die gestelde vraag of probleem betrekking het.

Dan is hulle ontsteld oor 'n swak punt, want “al die inligting is mos daar” – so asof inligting in die vorm van 'n versameling toepaslike woorde en frases gelyk is aan kennis, begrip en insig.

Baie dosente beleef nasienwerk as die las van 'n soort “speurwerk” – om studente se “kodetaal” te ontwar soos dit na vore kom in sinlose sinne sonder leestekens, voegwoorde en werkwoorde; onvoltooide sinne; afgekorte woorde; en selfs emotikone om hul “afgekorte” idees oor sake te beduie!

Sommige dosente gee boedel oor – gee krediet vir wat hulle reken die studente dalk bedoel het.

Uiteraard vererger dit net die probleem en skep die illusie van akademiese gehalte.

Alles saam geneem, lyk dit of inligtingsparaatheid taalbedreweheid verdryf het – asof die beproefde logika van sinsbou en sinsontleding wanneer jy lees en skryf onbelangrik geword het.

Dit is of studente hul studiemateriaal, en miskien ook die lewe in die algemeen, in lettergrepies bedink – SMS-erige, stotterende flentertjies gedagtes wat op een of ander wonderbaarlike manier vanself tot 'n ordelike en verstaanbare teks sal kom.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-google-se-fragmente-nie-gelyk-aan-insig-20160608>

Brood vir die pad

Wysheid is 'n reis

Abel Pienaar

Mense kan hulself nou maar eenmaal nie keer as dit kom by hul behoefte aan sekerheid nie. Van sekerheid oor die hiernamaals tot hul sekerheid oor wie reg is en wie nie. Dit is amper asof mense nie sonder sekerheid kan funksioneer nie.

Daarom is dit so ironies dat dit juis die sogenaamde sekerhede is wat 'n mens se grootste lyding veroorsaak. Want sekerheid bring klassifisering, oordeel en uiteindelik veroordeling.

Seker daarom dat Lao Tzu in sy Tao Te Ching (vers 2) die volgende sê:

“Wanneer mense sekere dinge as mooi klassifiseer,
word ander dinge lelik.

Wanneer mense sekere dinge as heilig beskou,
word ander dinge boos.”

Want sien, die oomblik as jy seker is, kies jy. En hierdie keuse van jou klassifiseer en begrens. Sekerheid is dodelik en verlamrend. En dit stop jou groei. En alles waarvan ons so seker en oortuig is, is dit nie maar net gegrond op tydelike menslike idees, opinies, oortuigings, afleidings, vertellings en konstruksie nie?

Dit waarna keiser Marcus Aurelius (121 tot 180 AD) verwys het: “Everything we hear is an opinion, not a fact. Everything we see is a perspective, not the truth.”

In wese is enige sogenaamde sekerheid slegs 'n klein stukkie van 'n groter geheel. Slegs 'n weerspieëling van net een kant van 'n meervlakkige diamant. En per definisie verander sogenaamde sekerhede die heelyd – soos daar meer ontdek, gevind en bevind word.

Daarom slaan die Taoïstiese filosoof Chuang Tzu, die spyker op die kop met: “Most people cling to their own point of view, as though everything depended on it. Yet our opinions have no permanence; like autumn and winter, they gradually pass away.”

Seker daarom dat wysheid meestal gelykgestel word aan openheid en die vermoë om met twyfel te kan saamleef. Dit waarna die Franse filosoof en teoloog Pierre Abelardus (1079 tot 1142) verwys: “The beginning of wisdom is found in doubting: by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon truth.”

Is dit nie juis die onsekerheid en twyfel van mense wat hulle op die pad na vryheid en betekenis kan help nie?

Want die lewe is en bly tog 'n ontvouende misterie. Niks is onveranderd en staties nie. En juis daarom is dit dalk so belangrik om deel te bly van die veranderende aard van die werklikheid, om jou steeds te ontdek en te bevraagteken. Om nie te vinnig, te seker te wees nie.

Nog 'n Franse filosoof, Marcel Proust, stel dit só: “We do not receive wisdom. We must discover it for ourselves after a journey through the wilderness which no one else can make for us.”

Ek hou van sy verwysing na wysheid as 'n reis. Want daardeur beklemtoon hy die ewigdurende beweging, veranderende landskappe en onsekerheid van die lewensreis.

Natuurlik beteken dit nie dat alles ongeldig en as vals afgemaak hoef te word nie. Ek meen wanneer jy eerlik, krities en met respek omgaan met jou en ander se tydelike sekerhede, word jy dikwels bewus van die wonderlike rigtingwysers daarin.

En om kritiese vrae te vra, te twyfel en soekende te wees beteken ook nie die vernietiging van alle tydelike sekerhede nie, dit beteken net die oorsteek van kennis- of ideegrense, die verskuiwing daarvan. Daar sal altyd nuwe horisonne wees. Nie waar nie?

Dink so daaraan: Indien jou sekerhede jou nie help om voluit en vry te leef nie, is dit besig om jou in te perk en gevange te neem. En indien jou sekerheid jou op enige manier verhinder om liefde en geregtigheid in jou dag-tot-dag-bestaan te beoefen, en jou weerhou daarvan om jou kreatiwiteit as mens ten volle uit te leef, is jou sekerheid iets negatiefs en afbrekend.

En ja, as jou sekerheid ander minderwaardig laat voel, is jou sekerheid toksies vir jou en vir hulle.

Moet dus nie dat enige idees, ideologieë of vaste dogmas jou lewe definieer nie. Wees dapper genoeg om altyd vrae te vra. Onthou, dit sal nie net jou lewe verryk nie, dit het ook die potensiaal om jou en ander vry te maak.

Seker daarom dat Albert Einstein gesê het: “The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reason for existing.”

Dit is egter 'n pad wat elkeen sêlf moet loop, niemand kan dit namens jou doen nie.

Thich Nhat Hanh sê: “Freedom is not given to us by anyone; we have to cultivate it ourselves.”

Onthou tog die inspirerende woorde van Soefi en digter, Jalaluddin Rumi (1207 tot 1273), en laat dit jou help om eerlik, lig en oop hierdie reis van wysheid te onderneem: “Out beyond ideas of wrongdoing and rightdoing there is a field. I'll meet you there.”

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/kop-hart-blog-wysheid-is-n-reis-20160602>



Lied 281

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kled ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons sorg en stut.
As die toekoms ons bekommer,
sal U, Here, ons beskut.
Ons Beskermer, ons Beskermer,
U, die God wat ons behoed -
U, die God wat ons behoed.